


Eldo-Gespreksgids

Wie is jou rolmodel? Wie is daardie persoon wie jy na opkyk in die lewe en graag soos wil wees? Is dit 'n sportpersoon? 'n Fiktiewe film karakter? 'n "Superhero"? Of dalk iemand wie jy ken: dalk jou ma of pa, 'n vriend, of 'n kollega? Ons almal het iemand na wie ons opkyk en met onself ook dan ook (indirek) vergelyk. Ons streef om soos hulle te wees en is self-krities as ons nie so kan wees nie – al is die standaard wat onself stel, soms onrealisties! In 1 Konings 18 sien ons so 'n rolmodel: Elia. 'n Held in die oë van die Israeliete wat opgestaan het vir die glorie van God! Maar in 1 Konings 19:1-13 sien ons hoe hy nie noodwendig so braaf en oulik is nie. In plaas daarvan om verder hierdie rol van held te speel, hardloop hy weg met sy stert tussen sy bene toe hy hoor, dat die koningin dreig om sy lewe te neem.

1 Kon. 19

En alhoewel hierdie reaksie dalk vernederend lyk, is dit eintlik baie waardevol vir ons vandag. Dit wys dat selfs een van die grootste helde in Israel se oë, net mens is. Hy is broos, word bang en is nie perfek nie. En as dié grote profeet nie eers perfek is nie, hoekom probeer ons dan om perfek te wees? Ons is nie perfek nie en moet daarom ook nie probeer om perfek te wees nie. Ons moet altyd streef om ons beste te doen, ja, maar ons moet nie probeer sterk staan as ons swak voel nie. Ons moenie sê "Als is reg" as als nie reg is nie. Soms is ons nie okay nie, en dis okay. Dis okay om soms swak, gebroke, uitgebrand en oorlaai te wees. Ons is net mens.

Maar dis in tye soos hierdie, waar ons swak en uitgebrand is, wat ons na God toe moet gaan – nes Elia! In sy seer en angs, het Elia na God toe gaan vir troosting by berg Horeb. En daar het hy God gevind in die sagte gesuis. God is in die rustigheid. God gee ons rustigheid. As ons na God toe gaan, sal ons weer krag kry. Sal ons energie kry om die lewe weer opnuut aan te pak!



Gespreksvrae

1. Wie is jou rolmodel? Hoekom is hulle jou rolmodel?
2. Hoe voel jy oor Elia se optrede? Is dit regverdig?
3. Hoekom, dink jy, voel mense hulle mag nie wys hulle is "swak" nie? Wat sal jy as "swakheid" bestempel (dalk volgens wêreldse standaard)?
4. Hoe kan ons by God rus vind?

Bonus vraag: Wat kan ons aktief doen om in vandag se besige lewe te rus?

